**Genesing van die amptenaar se seun**

**Joh 4:43-54**

**30 Maart 2025**

1. Vantevore: Ons moet die lewende water drink wat die Here Jesus kan gee, dit is die Heilige Gees, om die Here waarlik in gees en waarheid te kan aanbid. Ons moet dieselfde voedsel eet as die Here Jesus, dit is om die wil van Sy Vader te doen, in besonder om die oes in te samel wat reeds wit op die lande staan.
2. Is die genesing van die amptenaar se seun in Joh 4 dieselfde gebeurtenis as die genesing van die centurio se slaaf in Mat 8:5-13?
   a. Ooreenkomste: beide handel oor regeringsamptenare, beide vra vir genesing van siekte, in beide gevalle maak Jesus gesond oor 'n afstand
   b. Verskille: regeringsamptenaar vs centurio, Jood vs Romein, seun vs slaaf, Jesus moet na huis kom vs Jesus moet nie na huis kom nie, Jesus kritiseer geloof vs Jesus prys geloof
   c. Dus: verskillende gebeurtenisse
3. 'n Profeet ontvang nie in sy eie land eer nie (Joh 4:43-45)
   a. Galileërs het die Here Jesus verwelkom (nie net ontvang nie) (v45, vgl DAV/OAV met NAV/ESV)
   b. Alternatiewe vertaling v43-45: <u>Die rede</u> waarom die Here Jesus van Samaria gegaan het na Galilea, was <u>omdat</u> 'n profeet nie in sy eie vaderland geëer word nie. <u>Die gevolg</u> was dat die Galileërs Hom verwelkom het.
   c. "Vaderland" = Judea (waar Jesus teenstand ervaar het, geen eer) en Galilea (waar Jesus verwelkom is weens Sy tekens, misplaaste eer) (vgl Joh 2:23-25)
   d. Jesus is in Samaria geëer, maar nie na regte in Judea en Galilea nie
4. Die genesing van die amptenaar se seun (Joh 4:46-54)
   a. Amptenaar se nood = sy seun se siekte (v46-47)
   b. Die Here Jesus spreek die Galileërs aan oor hulle fokus op tekens (v48)
   c. Die Here Jesus maak die seun gesond deur 'n woord, die amptenaar glo dit (v49-50)
   d. Die seun het gesond geword op die oomblik toe die Here Jesus gespreek het – die amptenaar en sy huishouding het tot geloof gekom (v51-53)
   e. Amptenaar glo Jesus kan gesond maak (v50) vs kom tot (saligmakende) geloof in Jesus as die Messias/Seun van God (v53)
5. Implikasies
   a. Wat is die nut van tekens en wonders?
      - Jesus kritiseer geloof gebaseer op tekens, en tog doen Hy tekens
      - Tekens en wonders is hulpmiddel om Jesus werklik te leer ken (vgl Joh 6:26, 10:37-38, 14:11) en om tot saligmakende geloof te lei
   b. Lei die Here mense altyd deur krisisse na Hom toe?
      - D.m.v. krisisse: amptenaar, Samaritaanse vrou
      - Nie d.m.v. krisisse nie: dissipels in Joh 1, Samaritane
      - Gebruik verskillende paaie – almal moet tot saligmakende geloof kom
   c. Bring die Here altyd hele huishoudings tot geloof?
      - Hele huishoudings: amptenaar, Kornelius (Hand 10-11), Lidia (Hand 16:15), tronkbewaarder (Hand 16:31, 34), Krispus (Hand 18:8)
      - Nie hele huishoudings nie: broers van die Here Jesus, ongelowige mans (1 Pet 3:2)